Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 35 van 2022

28 Augustus 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Krag vir daardie groot moegheid

Die lewe het nogal ‘n manier om krapmerke op jou liggaam en jou gees agter te laat. Jy kom dit op verskillende maniere agter. Jou lyf kreun en kraak al hoe meer terwyl die lewensjare meer word. Jy herstel nie so vinnig soos altyd na ‘n groot siekte nie. Jy beweeg ’n klein bietjie stadiger. Dit voel ook of jou geheue jou te veel kere in die steek laat. Tog gebeur dit nie net met mense wat ouer word nie. Jesaja 40 vertel vir ons dat selfs die jongmanne moeg en afgemat raak. Moegheid is ‘n normale realiteit. Dit is deel van die gejaagde lewe, waarbinne ons onsself bevind. Uitbranding, oorwerktheid en stres is te veel mense se metgeselle. Jonk en oud beleef harde myle in ons kop onderstebo wêreld. Jonk en oud raak moeg en uitgeput. Maar in die Here se teenwoordigheid het ouderdom en moegheid nooit die laaste sê nie. Daarom moet ons mooi luister na dit, wat Jesaja verder skryf in hoofstuk 40: “Diegene wat op die Here wag, kry nuwe krag.” Die harde uitdagings van die lewe is nooit die wenners in die Here se omgewing nie. Lewensmoegheid wyk altyd voor die Here.

In God se nabyheid wag daar altyd nuwe krag. In Sy omgewing is daar altyd herstel. Vars, nuwe lewe is die geskenk aan elkeen, wat by Hom skuil. God Self herlaai Sy kinders se geloofsbatterye. Hy tel vermoeides op. Hy ontferm Hom oor uitgebrandes. Hy dra mismoediges se laste. Hy dra siekes op die hande. Al is ons kragte min, is die Here se goedheid steeds ons anker. Ons vind altyd rus in Hom. Hy is altyd naby, ook as die lewe dreig om ons onderstebo te hardloop. Beleef dit opnuut. Kom tot rus aan Sy voete, want diegene wat op die Here wag, kry altyd nuwe krag.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

* Lottie Conradie
• Marinda Jordaan
• Johan Kotzé
• Ria Putter
• Janine Vorster
• Maria Steyn
• Sampie Swart
• Hanna Pienaar
• Marné Holtzhausen
• Oom Eberhard Carshagen
• Suzelle Barkhuizen
* Tannie Bets Coetzee
• Oom Hannes Stoltz
• Annika Kilian
• Lilian van Zyl
• Lucinda Graaff
• Marie van Wyk
• Martie van Staden
• Susan van Zyl
• Enid Kruger
* Juan Strijdom
• Gert Keulder
* Ina van der Merwe

Dink aan Michael Redelinghys en familie met die afsterwe van sy pa (Oom Tonie Redelinghuys)

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.
Lukas 1:37

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vd week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.